1. WANNEER GOD FLUISTER

WELKOM BY VANDAG SE AANLYN EREDIENS!

ONS BEGIN VANOGGEND SE EREDIENS MET DIE WOORDE VAN

FILIPPENSE 3:8:

> ...[E]k beskou alles as waardeloos, ***want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref álles in waarde***. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry...

Raak vir ’n oomblik stil voor die Here.

Terwyl ons so stil raak, kom ons vra vanmore vir die Heilige Gees om Jesus aan ons te kom bekend maak, sodat ons Hom meer en beter kan ken.

Vanoggend groet ek jou met die woorde:

Genade en vrede vir jóú

van God die Vader

en Jesus Christus ons Here,

deur die magtige werking van die Heilige Gees.

Kom ons bid saam:

Here God,

ons kom staan voor U,

met ons eie gebrokenheid,

met die gebrokenheid van ons land,

en met die gebrokenheid van die wêreld.

Ons kom staan voor U en voor U Woord,

met die gebed dat U met ons sal praat en dat U Woord ons sal heel maak.

Ons bid dit in die Naam van ons Here Jesus Christus wat gebreek is, sodat ons kan lewe. Amen.

Augustus is Bybelmaand! Ons begin vandag met ’n **40dae Reeks**, ***God se Asem tussen bladsye***, wat eintlik ’n avontuur deur die Woord van God is. Die gemiddelde mens kan vir ± 3 weke sonder kos bly, vir 3 dae sonder water bly, maar net 3 minute sonder suurstof. Suurstof (asem) is die belangrikste element van lewe vir die mens. Geestelik het die mens ook suurtsof (asem) nodig. Hierdie suurstof (asem) kry ons onder andere in die bladsye van die Bybel. Hebreërs 4:12 vertel juis vir ons hoe lewend en kragtig die Woord van God is en dat ons nie daar sonder kan klaar kom

nie! Die reeks wat ons aanbied, is geïnspireer deur die 200-jarige feesvieringe van die Bybelgenootskap en sluit natuurlik ook baie mooi aan by ons gemeente se jaartema! Hierdie reeks bied ’n unieke uitnodiging aan jou:

- Kom skep asem tussen die bladsye van die Bybel.
- Kom ontdek opnuut die betekenis van die Bybel in jóú lewe.
- Kom ontdek dit wat die Here vir jóú wil sê.

In hierdie Covid-19 tyd wil ons jou uitnooi om hierdie reeks werklik jou eie te maak. Ons gaan vandag begin met die eerste tema: **KRAG UIT GOD SE WOORD**. Ons teksgedeelte is **LUKAS 4:1-13**.

1	Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die **woestyn** toe gelei,
2	waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is. Die hele tyd het Hy niks geëet nie, sodat Hy aan die einde daarvan **honger** was.
3	Die duiwel sê toe vir Hom: As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word.
4	Maar Jesus antwoord hom: **Daar is geskrywe:** 'n Mens leef nie net van brood nie.
5	Daarna bring die duiwel Hom op 'n **hoogte** en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld.
6	Toe sê die duiwel vir Hom: Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.
7	Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid.
8	Daarop antwoord Jesus: **Daar staan geskrywe:** Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
9	Hierna neem die duiwel Hom na Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan, en sê:
10	As U die Seun van God is, **spring hier af**! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm,
11	En ook: Op hulle hande sal hulle jou dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.
12	Maar Jesus antwoord hom: **Daar is gesê**: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.

13	Nadat die duiwel met al die versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd lank met rus gelaat.

Jesus het so pas die wonderlike ervaring gehad dat Hy gedoop is in die Jordaan. Die Heilige Gees het op Hom neergedaal en God het uit die hemel gesê dat Jesus is Sy Geliefde Seun. Maar Jesus kry amper geen tyd om hierdie ervaring te koester en te geniet nie. Hy word onmiddelik deur dieselfde Gees in die woestyn ingelei om deur die duiwel getoets en versoek te word. Na ’n bergpiek is daar dikwels ’n vallei. Jesus beweeg van ’n hoogtepunt, van die doopwaters, na die woestyn. ’n Plek van afsondering en stilte. ’n Plek waar Jesus vir 40 dae lank gevas het.

Hierdie woestyn-gebeurtenis speel af net voor Jesus se openbare bediening begin het. So voor Jesus begin het om in die openbaar mense te onderrig, genees en wonderwerke te doen, het Hy eers deur hierdie voorbereidingsproses gegaan. En die doel was nie om te sien hoe lank kan Jesus sonder kos of water klaarkom nie. Hierdie dramatiese gebeure teken vir ons hoe Jesus se gehoorsaamheid aan God en Sy unieke verhouding met God getoets word. As Jesus in hierdie toets sou faal, sou Sy hele bediening misluk. NT Wright, ’n welbekende prediker, stel dit treffend:

> Jesus must face these temptations now, and win at least an initial victory over them. If He doesn’t, they will meet Him suddenly, in the middle of His work, and they may overwhelm Him.

Die hele aanvang van Jesus se bediening hang dus af van wat in hierdie woestyn gebeur. Wat hier gebeur, sal uiteindelik bepaal wat later kán gebeur. Jesus se openbare bediening het op die punt gestaan om te begin. En in hierdie woestyn word Jesus voorberei om die moeilikste pad te stap wat enige mens nog ooit moes stap.

As deel van Jesus voorbereiding is Hy versoek deur die duiwel, die heerser van hierdie wêreld (kyk Efesiërs 2:1-10). Tot op hierdie punt in die geskiedenis het dit gelyk of die duiwel om elke hoek en draai seëvier. Die tempel in Jerusalem werk nie. Die volk van God is ongehoorsaam. Hulle doen doodeenvoudig dit waarvoor hulle lus het. Die duiwel weet Jesus staan op die drumpel van Sy bediening. Die duiwel weet Jesus se koms is die begin van die einde van sy bose ryk. Hy weet hier is moeilikheid oppad. In die woestyn probeer die duiwel om Jesus van die spoor af te dwing deur allerlei versoekings.

VERSOEKING 1: Die duiwel se eerste aanslag: Kos! 40 Dae is ’n lang tyd om sonder kos te bly. Aangesien Jesus die Seun van God is, sou Hy sy honger deur ’n wonderwerk kon verlig. Die versoeking is hier dat Jesus Sy mag as Seun van God sou misbruik ter wille van Homself, en dat Hy self ingryp en nie wag op Sy Vader nie. Jesus se antwoord uit Deut 8:3 wys egter Sy volkome gehoorsaamheid aan God, aan God se Woord en dat God se wil belangriker is as Sy fisiese honger. Hier leer ons by Jesus dat ons is altyd volkome afhanklik van God. God voorsien op Sy tyd en op Sy manier en ons moet dit vertrou! Ons sien aan die einde van die 40dae hoe die engele kom om Jesus te versorg (Matt 4:11).

VERSOEKING 2: Die duiwel se tweede aanslag rig hy op Jesus se gehoorsaamheid. Fokus spesifiek op Jesus se onderwerping aan God se plan vir Sy lewe. Jesus word uitgedaag om die heerskappy van die wêreld te ontvang van iemand anders as God. Natuurlik stel die duiwel eintlik nou ’n kortpad voor. Jesus kan die heerskappy van die wêreld kry sonder ’n lydensweg! Die duiwel wou gehad het dat Jesus van Sy Vader se wil moes afwyk. Hy wil hê dat Jesus moes kies om nie aan die kruis te sterf nie en eerder net voor hom te buig. Jesus weerstaan hierdie versoeking deur Deut 6:13 aan te haal dat God alleen aanbid moet word. Jesus weet dat God uiteindelik aan Hom al die mag sal gee, op aarde en in die hemel. Maar nou het Hy ’n taak op te vervul en daar was geen ander roete, geen ander opsie nie.

VERSOEKING 3: Die duiwel se derde versoeking rig hy op Jesus se roem, aansien en belangrikheid. Die duiwel neem Jesus na die tempel toe en wys vir Hom hoe Hy op ’n skouspelagtige wyse Sy Messiasskap kan bewys. Jesus kan vinnig vir Hom ’n naam maak en mense se verbeelding aangryp. Maar weer gee Jesus nie toe aan die versoeking nie. Hy haal Deut 6:16 aan om te sê dat ons kan nooit die goedheid van God op die proef stel nie. God is nie daar as ’n vangnet sodat ons maar ons eie kop kan volg en roekeloos kan lewe nie. Jesus was verbind tot gehoorsaamheid aan God. Daarom het Hy ook nie aan die kruis toegegee aan die versoeking om af te kom toe die skare Hom uitgedaag het nie (Mat 27:42*): Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo!* Jesus kon, maar dit was nie God se wil nie. Te midde van die ergste lyding denkbaar het Jesus getrou gebly aan God se wil en aan die rede hoekom Hy aarde toe gekom het, naamlik: om God se verlore eiendom te soek, te vind en te red.

Die krag van hierdie drie versoekings moet ’n mens nie onderskat nie. Dit is groot! Jesus is die Seun van God, maar Hy is ook volledig mens. Vir veertig dae in die woestyn het Hy geleef sonder kos. Jesus was honger! Die versoeking om klippe in brood te verander sou só ’n sterk versoeking gewees het. Die versoeking om al die koninkryke in die wêreld te kry sou ook aanloklik vir Jesus gewees het. Hy sou nie nodig gehad het om die roete van die kruis te stap en die pyn daarvan te ervaar nie. Die derde versoeking van erkenning en aansien moes selfs vir Jesus ’n sterk versoeking gewees het. Want regdeur Jesus se aardse bediening moes Hy Homself ontledig en Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk word (Filippense 2:5-11).

Nou kan ons onself afvra: **Maar hoe het Jesus staande gebly? Hoe het Jesus gefokus gebly?** Jesus word drie keer versoek en drie keer weier Hy om die krag wat Hy ontvang het vir enige ander doel te gebruik as om die plan van Sy Vader uit te voer.

- Dis opvallend dat Jesus in al drie versoekings net één ding doen: Hy het elke keer die Skrif aangehaal. Sy reaksie op élke versoeking in die woestyn was: “Daar staan geskryf...” Hy haal telkens uit die boek Deuteronomium aan. Dit was Sy “Bybel” en Hy het dit geken en dit was Sy verdediging. Jesus tree eintlik nie eers in gesprek met die duiwel nie. Hy redeneer nie met hom nie, maar ontbloot net sy slinksheid met ’n vers uit die Ou Testament.

Hierin is daar vir ons ’n belangrike les opgesluit: **Lééf in die Woord**. **Gebruik God se Woord**. Jesus het vas gehou aan die Woord van God en in beproewing het Hy sy absolute vertroue daarop geplaas.

Ons kan verwag dat daar in ons lewe ook woestyn-oomblikke gaan wees. Ons kan verwag dat daar versoekings, beproewing en uitdagings in ons lewe gaan wees. Soms word ons gekonfronteer met moeilike omstandighede wat nie sin maak nie. In ons lewe word ons ook dikwels ook uitgedaag: Is ons bereid om hierdie geloofspad te stap wat die Here wys? Al kos dit swaarkry, al vra dit opofferings, al vra dit van jou ’n alleenpad waarin jy dalk teenkanting kan beleef? In woestyn-tye kan ’n mens só maklik moedeloos word en verlate voel. Dit kan voel of die Bybel nie genoeg is nie en soms voel dit of ons meer konkrete hulp nodig het. Ons sal moet vashou daaraan dat die Bybel die manier is waarop die Here help en ons gebede verhoor. Ons moet

leer om al meer luisterend te leef en deur die Here se genade te leer vertróú op Sy woorde. Ons kan áltyd weet dat God se Woord is soveel méér as net woorde. Op ’n wonderbaarlike manier staan God self daaragter, is Hy deur die Gees teenwoordig en kan Hy ons deur hierdie Woord versorg en dra deur die moeilikste probleme en versoeking heen.

Vir ons is dit belangrik om die Woord te lees, te bestudeer, te memoriseer, daaroor na te dink en dit op ons lewe toe te pas. Ons moet leer om elke woord en elke belofte van die Bybel in ons hart te koester. By die eerste versoeking van Jesus dan haal Hy Deut 8:3 aan wat sê: 'n [M]ens leef nie net van brood nie, maar [van] elke woord wat uit die mond van God kom. Die Woord is ons geestelike kos. Sonder die Here se Woord is ons leeg en verdwaal ons. Om die Bybel deel van ons daaglikse lewe te maak moet ons dit lees, oordink en doen. Lees alleen is nie genoeg nie. Ons koppe word ook gevra. Ons moet dit gedurig biddend nadink. Met ander woorde die Bybel moet verskuif vanaf ons hart na ons koppe toe. Maar ons moet dit ook aanhoudend oor en oor uitleef. Ons moet God se Woord doen. Ons moet die Bybel elke dag vanaf ons harte, na ons gedagtes, na ons vingers en voete, lippe en tonge oordra. Om die Woord van God te leer ken vra harde werk. Kyk ons na Jesus, sien ons dit is die moeite werd!

Dit is opvallend om te sien hoe die duiwel ook verse uit die Ou Testament aanhaal. Natuurlik het hy die Woord van God verdraai om sy leuens te pas. Maar dis belangrik om te sien dat Jesus elke keer die versoek afweer deur op die Waarheid van God se Woord te staan! Daarom wil ons jou uitnooi om in hierdie 40 dae jouself weer te verdiep in die waarheid van God se Woord. Doen weer ’n bietjie moeite met jou Bybel. Lees dit. Raak verlore in dit. Hoor God se fluistering. Daarin lê jou krag. Die Bybel maak ons denke nuut. Dit verander ons lewenskoers. Die Bybel bring ’n diep honger en dors na God. Die Heilige Gees, in wie se hande die Woord leef, maak ons honger vir nog méér. Hy laat ons die Woord dag en nag oordink. Die Gees maak ons lief vir God se Woord. Alleen deur die waarheid van die Woord kan ons weerstand bied teen elke versoeking en oorwinning oor elke beproewing behaal. Alleen deur tyd met die Bybel te spandeer kan ons nuwe diepte in ons verhouding met God bereik. Mag jy dit só in die volgende 40dae ervaar. Amen.

Gebed [Stil]

Seën:

Mag die God van ons Here Jesus Christus,
die Vader aan wie die heerlikheid
behoort deur Sy Gees
aan jou wysheid gee
en Hom so aan jou openbaar dat jy Hom werklik kan ken!
Mag die genade van ons Here Jesus Christus,
die liefde van God,
en die teenwoordigheid van die Heilige Gees,
by jóú wees en bly. Amen.